

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAAN SA GRAAN SA	DATUM	DATUM			+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE	
	2022-06-13	2022/06/10			2022/06/06		2022/05/09		2021/06/07	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
Brent (\$/b)	120.10	-2.27	-1.9%	122.37	3.2%	116.40	6.4%	112.83	74.8%	68.72
US\$: ? ZAR	15.96	0.500	3.2%	15.46	2.5%	15.57	-1.2%	16.15	15.8%	13.78
ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 4,858.11	153	3.3%	R 4,704.69	*CBOT Mar cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn Mar + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*	R 6,278.32	193	3.2%	R 6,085.03	*CBOT Mar cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat Mar + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*	R 10,235.54	187	1.9%	R 10,048.94	* CBOT Mar cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans Mar + -12 : 00 the previous day					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Corn Mar '22	773.20	0.20	0.0%	773.00	7%	720.00	-2%	792.20	18%	656.60
Wheat Mar '22	1070.60	-0.60	-0.1%	1071.20	3%	1040.00	-2%	1097.00	61%	663.40
Sojabone Mar '22	1745.40	-23.60	-1.3%	1769.00	3%	1697.60	5%	1655.40	14%	1530.40
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))										
WMAZ Spot	4400.00	36	0.8%	4364.00	-0.4%	4418.00	11.8%	4469.00	38.6%	3175.00
WMAZ Jul 22	4415.00	33	0.8%	4382.00	-0.6%	4441.00	13.3%	4488.00	39.9%	3155.00
YMAZ Spot	4480.00	42	0.9%	4438.00	0.9%	4442.00	12.3%	4586.00	36.0%	3295.00
YMAZ Jul 22	4517.00	37	0.8%	4480.00	0.8%	4482.00	14.5%	4585.00	37.5%	3285.00
SOY Spot	9265.00	129	1.4%	9136.00	2.2%	9066.00	4.9%	9200.00	28.9%	7185.00
SOY Jul 22	9322.00	123	1.3%	9199.00	2.0%	9142.00	5.9%	9318.00	29.5%	7196.00
SUN Spot	10713.00	-19	-0.2%	10732.00	-2.4%	10981.00	23.4%	10340.00	22.2%	8765.00
SUN Jul 22	10802.00	-30	-0.3%	10832.00	-2.6%	11087.00	28.2%	10956.00	22.2%	8840.00
WHEAT Spot	8020.00	-45	-0.6%	8065.00	-0.5%	8060.00	18.1%	7499.00	57.3%	5100.00
WHEAT Jul 22	7970.00	-30	-0.4%	8000.00	-0.1%	7980.00	15.5%	7440.00	56.5%	5092.00
OLIESADE (US\$/ton)	2022/06/13	Bron: Oilworld			2022/06/06		2022/05/09		2021/06/07	
Soya-oil, Arg.	1711				-3.9%	1780	-14%	1841	27%	1278
Soya-pell, Arg.	486				1.5%	479	-2%	467	19%	415
Soybean, Brazil	738				1.0%	731	-9%	707	16%	625
USA Runner 40/50	1450				0.0%	1450	1%	1450	4%	1450
Sun-oil, Arg.	2000				-3.4%	2070	-17%	2120	10%	1370
Sun-oil, Black Sea	1770				-3.8%	1840	-2%	2050	-11%	1380
Sunseed, Black Sea	800				0.0%	800	9%	830	7%	735
Rapeseed, EU cif	830				#DIV/0!	0	-2%	993	42%	731
Palmk oil Mal, EU	1658				-1.9%	1690	-18%	1840	9%	1465

Sojabone: Sojaboon kontrak pryse het in Junie hoër pryse behaal na swaar investering fonds aankope en 'n risiko premie wat bygevoeg is vir ongunstige weerstoestand. Weer voorspellings toon dat daar moontlik in die komende tyd warm en droë toestande in Amerika sal heers wat die opkomende graan en oliesade kan bedreig. Mielie kontrak pryse het reeds in die vorige week gestyg. Onlangse verdragings kan moontlik die Amerikaanse aanplanting vordering verhoog wat beteken dat hektare moontlik sal oorskui na sojabone. Onlangse styging in die sojaboon prys kan moontlik te vroeg wees wat beteken dat pryse kan daal. Die Amerikaanse sojaboon aanplanting staan tans op 78% voltooi met 12% wat in die vorige week aangeplant is. Die afgelope 5-jaar gemiddeld is 79%. Amerikaanse uitvoere is op 'n 5-week hoogtepunt. Afnemende Suid Amerikaanse uitvoer voorraad het internasionale aanvraag na Amerika toe verskuif.

Plaaslik: Die plaaslike sojaboon produksie projeksie is vanaf 1.886 miljoen ton na 1.931 miljoen ton verhoog. Hierdie getal kan baie verander as ons in ag neem die gedeeltes wat te nat is om te stroop. Die gemiddelde prys het vanaf Mei '21 na Mei '22 met 24% verhoog. Die prys het met 3% gedaal vanaf Mei '21 na Junie '21.

Sonneblom: Sonneblom aanplantings in Oekraïne staan tans op 4.7 miljoen hektare, 27% laer as die vorige seisoen. Aanplantings behoort teen 5 miljoen hektare te eindig, baie laer as die vorige twee jaar se 6.8 en 6.9 miljoen hektare. Oekraïne se uitvoere is hoër as verwagtinge met sonneblom saad uitvoere wat 342 000 ton bereik het in Mei. Sonneblom olie uitvoere het 203 000 ton bereik in vergelyking met 152 000 ton die vorige maand. Russiese oliesaad persing en verwerking is tans op baie hoër vlakke, 'n derde hoër as die vorige jaar. Rusland beplan om die uitvoer tarief op sonneblom olie verder te verhoog wat die winsgewendheid vir uitvoerders en produseerders sal verlaag.

Plaaslik: Suid Afrika verwag tans 'n sonneblom oes van 963 000 ton in vergelyking met die vorige seisoen se oes van 678 000 ton. Pryse is 20% hoër as verlede jaar Mei. Die gemiddelde prys het met 6% gedaal vanaf Mei '21 na Junie '21.

Kanola: Kanadese kanola uitvoere en persing is op 'n baie lae vlak. Die afname in kanola persing het reeds uitvoere van olie en meel verhoed. Kanadese kanola uitvoere het slegs 297 000 ton bereik in vergelyking met die vorige jaar se 543 000 ton en kanola olie uitvoere het met 30% gedaal. Invoerpariteit staan tans op R14 720/ton en uitvoerpariteit op R13 060/ton.

Grondboon: Vooruitsigte vir internasionale grondboon produksie kan moontlik na beraming toeneem na 34.8 miljoen ton, dit is 'n verhoging van 0.4 miljoen ton. In die plaaslike grondboon mark is die produsente invoer pariteit vir keur graad R21 710/ton en produsente uitvoer pariteit vir keur graad R16 630/ton. Dit is effens hoër as die vorige week.

Vir enige navrae, kontak asb: Christiaan Vercueil, E-pos: christiaan@grainsa.co.za